

HOOFSTUK 2

DIE VERBAND TUSSEN PERSOONLIKHEIDSTREKKE EN SPORTDEELNAME

2.1 INLEIDING

Daar bestaan verskeie teorieë oor persoonlikheid en verwante konsepte. Soos reeds in Hoofstuk 1 vermeld, is heelwat navorsing gedoen om die moontlike verband tussen persoonlikheid en sportdeelname aan te toon. In hierdie hoofstuk sal 'n paar relevante persoonlikheidsteorieë kortliks omskryf word as agtergrond vir 'n bespreking van persoonlikheidstrekke en sportdeelname. Hier sal ook 'n bondige analise gegee word van die begrip persoonlikheid (insluitend die terme persoon, persoonlikheidstrekke, temperament en karakter). Ten slotte sal verwys word na ondersoeke wat gedoen is rakende die verband tussen persoonlikheidstrekke en sportdeelname.

2.2 PERSOONLIKHEIDSTEORIEË

Voordat die verskillende teorieë bespreek word, word die begrip "teorie" gedefinieër. 'n Teorie is, volgens Boeree (1997), 'n riglyn vir handeling, amper soos 'n landkaart: dit is nie dieselfde as die omgewing wat dit beskryf nie, weerspieël nie alle besonderhede nie en mag selfs nie baie akkuraat wees nie, maar dit verskaf 'n riglyn tot handeling. Persoonlikheidsteorieë word vervolgens bespreek met inagneming van hierdie definisie van wat 'n teorie is.

Meyer et al. (1995:5), beskryf persoonlikheidsteorieë as die resultaat van doelbewuste en volgehoue pogings om 'n logies konsekwente sisteem te ontwikkel om menslike gedrag te beskryf, te verstaan en te voorspel.

Net soos op ander terreine van geesteswetenskaplike navorsing, bestaan daar ten opsigte van persoonlikheid ook verskeie teorieë. Die studie van persoonlikheid word bemoeilik deurdat elke mens alleen toegang het tot sy of haar dieper gedagtes en gevoelens, en omdat persoonlikheid soms gevorm word deur instinkte en onbewuste denke. Individue het gevolglik dikwels self nie insig in hulle eie persoonlikheid nie.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die vernaamste persoonlikheidsteorieë volgens denkrigting soos volg gegropeer: psigodinamiese teorieë, behavioristiese teorieë, humanistiese teorieë en trektheorieë. Vervolgens 'n kort bespreking van elke groepering. Enkele benaderings wat nie as teorieë geklassifiseer is nie, word ook bespreek.

2.2.1 Psigodinamiese teorieë (psigoanalise)

Die psigodinamiese teorie is 'n redelike komplekse benadering met baie min direkte invloed op navorsing van sportpersoonlikhede. Die rede hiervoor is dat die psigodinamiese benadering hoofsaaklik klinies en psigopatologies van aard is. Die psigodinamiese benadering word wel gebruik deur kliniese konsultante om psigologiese intervensies te doen met sportpersone (Vealey 2002:56).

Die psigodinamiese denkrigting het sy ontstaan te danke aan Sigmund Freud, wat beskou word as die vader van die psigoanalise. Sedert Freud was daar egter heelwat ander psigoanalitiese teoretici, wat veranderinge aan die oorspronklike teorieë van Freud aangebring het en bekend staan as die Neo-Freudiane. Belangrike Neo-Freudiane was Carl Jung, Eric Fromm, Karen Horney en Eric Ericson (Cox 2002:157).

Freud se psigodinamiese teorie en sy metodes om persoonlikheidsversteurings te behandel, was primêr gebaseer op selfanalise en omvattende kliniese waarnemings van neurotiese persone (Cox 2002:157).

Twee onderskeibare karaktertrekke van psigodinamiese teorie, was die klem wat psigoanaliste op diepliggende eksaminering van die mens as geheel en onbewuste motiewe geplaas het. Volgens Louw en Edwards (1997:609) het Freud ook die onbewuste (psigiese konflik) geïdentifiseer as 'n sleutelfaktor in die begrip persoonlikheid. Freud het verder hierdie bronne van konflik binne die individu in drie konsepte verdeel, naamlik: die id (die instinktiewe deel van ons persoonlikheid, byvoorbeeld "ek wil dit nou hê..."), die ego (wat ons in staat stel om die realiteit te kan hanteer) en die superego (dit is ons bewuste en ons instinkte reguleer dit) (Cox 2002:157). Die individu se persoonlikheid is dus die somtotaal van hierdie dinamiese konflikte tussen die id, ego en superego (Cox 2002:157).

Die individu se onbewustelike, seksuele en aggressiewe instinkte is volgens Freud faktore wat gedrag bepaal. Aggressie in sport is volgens Cox (2002:157) 'n potensiële voorbeeld hiervan. Psigoanalise wat fokus op persoonlikheidsafwykings, bied weinig voorspellings vir die gesonde persoonlikheid. Sportsielkunde is dus volgens Gill (1986:26) nie toegespits op patologie nie, maar fokus hoofsaaklik op die verhouding tussen persoonlikheidstreke en gedrag in 'n gebalanseerde normale sportopset.

Volgens Nel (2003:10) hou Freud se teorie besondere opvoedkundige waarde in vir sportsielkundiges en kan Freud se terapeutiese tegnieke met vrug deur afrigters gebruik word. Hedendaagse sportpersone verkeer onder geweldige druk en afrigters behoort geskool te wees om verwysend te kan optree (Nel 2003:10). Dit is dus die afrigter se verantwoordelikheid om die sportpersoon by te staan indien nadelige sielkundige faktore te voorskyn tree.

Die Neo-Freudiane het sosiale en kulturele magte in hulle psigoanalitiese teorieë ingewerk, wat in teenstelling was met Freud se beklemtoning van instinktiewe magte. Hulle bevindinge was hoofsaaklik gebaseer op gevolgtrekkings uit die abnormale sielkunde, gegrond op hul persoonlike ervarings met pasiënte, wat nie noodwendig die belangrikheid van psigoanalise in die veld van persoonlikheidsontwikkeling verminder het nie (Mwamwenda 1995:323).

Nel (2003:11) is ook verder van mening dat Jung se teorie van groot belang is vir sport, naamlik dat leidinggewende gesprekke met die speler ten doel het om die individu insig te gee in die aspekte van sy/haar persoonlikheid wat onderdruk of misken word. Jung beskryf gesonde ontwikkeling of herstel as 'n uitbreiding van die self waarin die erkende bewuste uitgebrei word om meer en meer aspekte van die werklike potensialiteite in die self te erken en te integreer (Nel 2003:11). Hierdie verwysing na die gesonde self is ook veral deur Maslow en Rogers ontwikkel en word redelik suksesvol in sport toegepas.

2.2.2 Behavioristiese teorieë (sosiale leerteorieë)

Behavioristiese teoretici sien menslike gedrag nie net as 'n funksie van die onbewuste motiewe of onderliggende neigings nie, maar eerder as 'n funksie van sosiale leer. Volgens Louw en Edwards (1997:601) meen behaviouriste dat menslike gedrag 'n versameling van gewoontes is wat in reaksie op spesifieke situasies aangeleer is. Behavioriste wys op die talle situasionele faktore wat bepaal hoe die mens/individu optree, byvoorbeeld: is die mens/individu besig, haastig, moeg, lewenslustig, gemotiveerd, ensovoorts.

Cox (2002:157) meen dat individue optree volgens die wyses wat aan hulle geleer is, aangesien die optredes konsekwent is met omgewingsbeperkings. Indien die omstandighede bestendig is, sal die effek van persoonlikheids-trekke of onbewuste motiewe op gedrag minimaal wees.

Teorieë van persoonlikheid, wat gebaseer is op die behavioristiese benadering beklemtoon dat leer plaasvind deur middel van interaksies met die omgewing. Hierdie benadering opsigself verduidelik menslike gedrag. Gesien vanuit die behavioristiese perspektief is persoonlikheid iets wat gevorm word deur middel van aangeleerde gedrag (Vealey 2002:690).

In kondisioneringsbenaderings van persoonlikheid word gedrag gekondisioneer deur middel van versterkings. Miller en Dollard was die eerste teoretici wat persoonlikheid in terme van gekondisioneerde gedrag beskryf het (Vealey 2002:690). Die oorsprong van hierdie kondisioneringsbenaderings kan egter teruggevoer word na Clark en Hull se leerteorieë asook dié van Skinner.

Hull se stimulus-respons-leerteorie was gebaseer op eksperimente wat in laboratoriums met diere uitgevoer is. Volgens Hull se teorie, is 'n individu se gedrag in enige gegewe situasie 'n uitvloeisel van aangeleerde ervaringe. Miller en Dollard het uitgebrei op Hull se sienings van gedrag. Volgens Miller en Dollard is twee van die primêre meganismes waardeur individue leer, modellering en sosiale versterking (Cox 2002:157). Cox meen "modellering" verwys na leer wat plaasvind deur middel van waarneming.

Albert Bandura se sosiale leerteorie is primêr gebaseer op Hull se konsep, naamlik stimulus-respons. Volgens Bandura kan gedrag die beste verduidelik word as 'n funksie van leer deur middel van waarneming. Verder kan sosiale versterking gebaseer word op die veronderstelling dat versterkte gedrag geneig is om weer herhaal te word (Cox 2002:157). 'n Goeie voorbeeld van Bandura se teorie is:

"A young league football player observes on television that professional athletes are often able to intimidate quarterbacks and wide receivers through aggressive hard-hitting tackles. Using this professional athlete as his model,

he tries the same tactics on his youth league team, and is reinforced by the coach with a pat on the back” (Cox 2002:158).

Hierdie aanhaling is 'n goeie voorbeeld van hoe jong sportpersone byvoorbeeld sekere gedrag kan ontwikkel deur middel van modellering en versterking. Die teorie van Bandura fokus hoofsaaklik op situasionele faktore en aangeleerde gedrag (Cox 2002:11-12) .

'n Ekstreme sosiale leersiening soos dié van Skinner sluit die rol van persoonlikheid uit. Volgens Skinner se siening sal 'n rugbyspeler byvoorbeeld selfgeldende gedrag toon as gevolg van die situasie en as gevolg daarvan dat hierdie gedrag in die verlede versterk is, sal enige persoon in dieselfde situasie selfgeldende gedrag toon (Gill 1986:27). Skinner beskryf dus gedrag as een van twee stimulus kondisies naamlik: deprivasie (ontneming van iets) en versadiging (Vealey 2002:69). Albei hierdie verskynsels kan gesien word as waarneembaar en meetbaar en heeltemal irrelevant ten opsigte van interne persoonlikheidskomponente.

Hoewel navorsing wat gebaseer is op kondisioneringsteorieë hoofsaaklik fokus op die wysiging van gedrag (gedragsmodifikasies), hou kondisioneringsteorieë belangrike implikasies in vir die beïnvloeding van gedrag in sport (Vealey 2002:69).

2.2.3 Humanistiese teorieë

Humanistiese sielkunde is 'n teoretiese alternatief vir psigoanalise en behaviorisme, hoewel dit aspekte van altwee hierdie benaderings insluit. Waar die behavioriste glo dat alle menslike gedrag deur middel van eksterne faktore beheer word en die psigoanaliste glo dat menslike gedrag deur onbewuste interne kragte beheer en gerig word, glo die humaniste dat menslike gedrag holisties beskou moet word. Dit beklemtoon dus die studie van die mens as 'n geheel. (Penny, Perlow, & Ruscitto 1996).

Die humanistiese benadering beskou die mens nie net deur die oë van die waarnemer nie, maar ook deur die oë van die individu self, en veronderstel 'n verband tussen 'n individu se gedrag, sy/haar innerlike gevoelens en sy/haar selfbeeld. Die individu is dus nie net die produk van die omgewing nie, maar word ook intern gerig en gemotiveer om sy/haar volle potensiaal te bereik.

Die belangrikste ondersteuners van die humanistiese benadering tot persoonlikheid is Carl Rogers en Abraham Maslow (Cox 2002:158). Sowel Rogers as Maslow het die standpunt gehuldig dat die mens inherent gesond en konstruktief van aard is. Die belangrikste aspek van die humanistiese benadering, is die konsep van selfaktualisering, met ander woorde volgens die humaniste besit mense 'n aangebore dryfkrag of geneigdheid om hulself te verbeter, hul vermoëns te ontdek en op te tree om sodoende 'n beter en meer selfvervullende persoon te word. Om 'n meer selfvervullende persoon te kan word is dit nodig dat die individu bereid moet wees om hom/haarself oop te stel om sodoende nuwe ervarings te kan opdoen (Cox 2002:158). Dit is egter nie noodwendig die ervaring wat die individu vorm nie, maar die individuele persepsie van die ervaring wat hy/sy opgedoen het. Selfaktualisering is dus 'n aanhoudende proses van soeke na 'n balans tussen ervarings en selfkonsep.

Rogers se invloed op die ontwikkeling van die humanistiese teorie van persoonlikheid, kan hoofsaaklik toegeskryf word aan sy psigoterapeutiese metodes, wat nie-riktig gewend en kliëntgeoriënteerd is (Cox 2002:158). Volgens Rogers moet die terapeut nie sy/haar waardes op kliënte afdwing nie, maar die terapeut moet eerder kliënte help om hul eie oplossings te vind. Rogers het verder ook klem geplaas op die bestudering van die mens as geheel en op die aktiewe rol van die mens in die verwesenliking van sy/haar volle potensiaal. Vir hom vervul die omgewing slegs 'n fasiliterende of inhiberende rol in die hele proses (Möller 1993:239).

Volgens Nel (2003:14) beweer Rogers dat die gesonde mens veilig genoeg voel om alle ervarings te simboliseer en daarom nie meer nodig het om enige aspek van die lewe te ontken nie. Anders gestel, die gesonde mens sal die vermoë hê om ten volle te leef en te funksioneer. Hierdie bydrae van Rogers speel 'n belangrike, ondersteunende rol, in die ontwikkeling van talente in die samelewing (Nel 2003:14).

Maslow se bydrae tot die humanistiese teorie lê in die ontwikkeling van sy hiërargiese motiewe sisteem, wat gebaseer is op die beginsel van hiërargiese behoeftes. Vir Maslow is die einddoel van alle menslike ervarings selfaktualisering, maar om dit te bereik moet minder belangrike behoeftes van die persoon eers vervul word.

Maslow se behoefte-teorie was 'n alternatief tot Freud en Skinner se teorieë. Die belangrikste tema in sy werk was die beklemtoning van menslike potensiaal, gesonde funksionering en die moontlikheid van 'n ryker bestaan. Hy was verder van mening dat 'n persoon nie slegs op grond van geluk uitstaande prestasies behaal nie, maar ook op grond van basiese behoeftes, persoonlike waardes en doelwitte. Aangesien die omgewing, volgens Maslow, 'n belangrike rol in die vervulling van basiese behoeftes speel, is 'n gesonde ondersteunende samelewing nodig, sodat die individu in staat gestel kan word om tot volle selfaktualisering van sy/haar potensiaal te kan kom. Maslow plaas klem op basiese gesondheid van die mens en die vertroue dat 'n mens 'n waardevolle en betekenisvolle persoon kan wees (Boeree 2000).

Laastens het Maslow se teorie van selfaktualisering ook belangstelling in persoonlike kwaliteite aangespoor, wat onder meer besit word deur sportpersone (Cratty 1989:40). Maslow het voorgestel dat die individuele behoeftesisteem saamgestel is uit basiese behoeftes sowel as behoeftes vir groei. Maslow se teorie en sienings van selfaktualisering kan ook die beste gewaardeer word as dit nie as 'n afgeronde teorie beskou word nie, maar eerder as 'n aanduiding van belangrike aspekte van menswees, veral in die

vervulling van die mens se hoogste behoefte, dié van selfaktualisering en die eksistensiële beleving van die individu se volle funksionering. Die aktualisering van talent is 'n selfgerigte proses en bepaal die mate van sportprestasie (Nel 2003:13).

2.2.4 Trekteorieë

Trekteoretici poog om mense te klassifiseer volgens 'n beperkte aantal persoonlikheidseienskappe of persoonlikheidstrekke (Louw & Edwards 1997:60). Die trekke waaraan 'n individu uitgeken word, kan beskryf word as persoonlikheid. 'n Persoon se natuurlike neiging om op 'n spesifieke manier te reageer, is sinoniem met sy persoonlikheid. Van diegene wat 'n behoefte ervaar om sukses te behaal, kan byvoorbeeld verwag word om kompetierend en selfgeldend op te tree in verskeie situasies. 'n Persoonlikheidstrek beteken nie dat 'n persoon altyd op dieselfde manier sal reageer nie, maar dat die waarskynlikheid daarvoor, wel bestaan (Cox 2002:158).

In teenstelling met die psigodinamiese en ander persoonlikheidsteorieë, het die trekteoretici heelwat meer navorsing gedoen rakende sportpersoonlikhede. Bekende teoretici in die trekbenadering is Gordon Allport, Raymond Cattell, Hans Eysenck en J. P. Guilford.

Volgens Gill (1986:27) is trekke 'n konsekwente, stabiele eienskap van 'n mens se persoonlikheid, wat 'n groot invloed uitoefen op gedrag. Volgens Allport (1937) soos aangehaal deur Vealey (2002:57), is trekke "*relatively enduring and highly consistent internal attributes*". Anders gestel, is trekke intrapersonlike karaktertrekke wat lei tot unieke en stabiele reaksies tot die omgewing. Trekteoretici impliseer onder meer dat 'n persoon met hoë vlakke van skaamheid, konsekwent skaam gedrag sal openbaar, byvoorbeeld, om stil en teruggetrokke te wees in verskeie situasies, waaronder in die klaskamer, op die sportveld en by sosiale geleenthede (Gill 1986:27). Trekteoretici gaan verder ook van die veronderstelling uit dat indien 'n individu

se persoonlikheid gevestig is, sy/haar gedrag in alle situasies voorspel kan word. As 'n rugbyspeler byvoorbeeld selfgeldend is, kan verwag word dat die speler selfgeldend sal optree in alle situasies, ongeag die situasie (Gill 1986:27).

Gill (1986:27) verskil egter van die trekteoretici. Sy meen dat trekke swak voorspellers van gedrag is, aangesien 'n selfgeldende rugbyspeler nie noodwendig selfgeldende gedrag in alle situasies openbaar nie.

Volgens Walsh (1996) het Allport geglo trekke is 'n algemene gefokusde neuropsigiese sisteem met die vermoë om verskeie stimuli voort te bring en om konsekwente vorme van aanpasbare en ekspressiewe gedrag te inisieër. Allport het volgens Vealey (2002:57) individualiteit en uniekheid in 'n persoon beklemtoon en het geglo dat trekke nooit op dieselfde wyse sal voorkom in verskillende persone nie, maar eerder dat trekke op unieke wyse in elke individu sal funksioneer. Allport het wel toegegee dat sommige individue ooreenstemmende trekke ontwikkel deur middel van sosiale interaksie. Hierdie uniekheid van trekke bepaal gedrag.

Soos Allport, het Cattell gemeen dat persoonlikheidstrekke menslike gedrag onderlê. Cattell het 'n lys van sestien bipolarê persoonlikheidstrekke saamgestel en het onderskeid getref tussen algemene trekke wat voorkom by alle mense en unieke trekke wat slegs by sekere mense voorkom. Verder het Cattell ook gemeen dat die omgewing 'n belangrike bepalende rol speel en dat tipiese handeling, 'n funksie is van sowel die omgewing as persoonlikheidsdisponerings.

Persoonlikheid is volgens Guilford 'n unieke patroon van persoonlikheidstrekke wat individuele verskille van onderskeie individue beklemtoon. Guilford het ook persoonlikheidstrekke in kategorieë verdeel wat verskillende belange, aanlegte, behoeftes en gesindhede verteenwoordig (Vealey 2002:58). Guilford het verder onderskeid getref tussen persoonlik-

heidstrekke wat die gedrag van 'n individu verteenwoordig en persoonlikheidstrekke wat verteenwoordig word deur fisiese voorkoms (Vealey 2002:58).

Eysenck het die studie van persoonlikheid verder gevoer deur van faktor-analise gebruik te maak (Cox 2002:158). Eysenck het geglo dat twee hoofdimensies van persoonlikheid onderskei kan word, naamlik ekstraversie-intraversie en neurose-stabiliteit, wat elk ook uit tweede-orde faktore bestaan. Ekstraversie-intraversie kan verdeel word in bedrywigheid, sosialiteit, waaghalsigheid, impulsiwiteit, uitdrukkingsvermoë, verantwoordelikheid; terwyl neurose-stabiliteit bestaan uit selfbeeld, gelukkigheid, angstigheid, obsessiwiteit, outonomie en skuld (Cox 2002:158). Hoewel Cattell en Eysenck se teorieë ten opsigte van persoonlikheid heeltemal verskillend is, is daar ook duidelike ooreenkomste. Albei die teorieë sluit byvoorbeeld intraversie teenoor ekstraversie in.

2.2.5 Enkele ander benaderings

Enkele ander benaderings tot persoonlikheid is eerstens die *situasionele benadering* waar gedrag hoofsaaklik bepaal word deur middel van die situasie of die omgewingsinvloede en -versterkings. 'n Individue kan dalk met baie selfvertroue in een situasie optree, maar nie in 'n ander nie, afhangend van die situasie. Gill (1986:39) stel dit dat die omgewing die belangrikste bepaler van gedrag is.

'n Genetiese geneigdheid tot aggressie is volgens die *biologiese benadering* een van die aspekte wat persoonlikheid beïnvloed. Ander faktore soos liggaamsbou en fisiese krag is ook belangrike bepalende faktore. Alle teorieë van persoonlikheid is nie biologies van aard nie, maar biologiese faktore het wel 'n belangrike invloed op gedrag (Gill 1986:39).

Laastens is daar ook die *interaksionele benadering*, waarin die situasie en die persoon as mede-determinante van gedrag oorweeg word. Volgens die interaksionele benadering is dit van belang om 'n individu se psigologiese trekke, asook die situasie, in ag te neem om sodoende gedrag te kan verstaan (Weinberg & Gould 1995:39). Die interaksionele benadering beskou persoonlikheidstreke as voorspellers van gedrag in sekere omstandighede. 'n Tennisspeler kan deurgaans angstig wees tydens wedstryde, maar nie noodwendig in ander situasies waar hy/sy ook uitdagings moet aanvaar nie, soos byvoorbeeld in 'n wiskundetoets. Hierdie benadering maak nie eenvoudige voorspellings ten opsigte van die verhouding tussen persoonlikheid en gedrag nie, maar verskaf veel eerder 'n komplekse verduideliking van gedrag. Die interaksionele benadering bied ook 'n meer realistiese verduideliking van persoonlikheid as wat die geval is met die ander teorieë oor persoonlikheid (Gill 1986:28).

2.2.6 Samevatting

Wanneer die teorieë wat hierbo bespreek is, vergelyk word, is dit duidelik dat daar uiteenlopende opvattinge bestaan oor die ontstaan van menslike gedrag. Die persoonlikheidsteorieë verskaf ook heelwat inligting oor die motivering agter menslike handeling. In die psigodinamiese teorie word daar baie klem gelê op die rol van onbewuste seksuele en aggressiewe drange. Hierdie drange word ook deur Freud gesien as hoofdeterminante van gedrag. Aggressie in sport kan byvoorbeeld dien as 'n potensiële voorbeeld van die psigodinamiese teorie.

Die behavioristiese teorieë fokus weer hoofsaaklik op die wysiging van gedrag, en sien menslike gedrag as 'n funksie van onbewuste motiewe en onderliggende neigings, sowel as 'n funksie van sosiale leer. Hierdie beginsels van die behavioristiese teorieë, hou belangrike implikasies in vir die beïnvloeding van gedrag in sport. Gesien vanuit die perspektief van sosiale leerteorie is gedrag nie slegs 'n funksie van die onbewustelike motiewe (soos

in die psigoanalitiese teorie) of onderliggende vatbaarheid nie. Menslike gedrag is eerder 'n funksie van die sosiale leer en die krag van die situasie. 'n Individue se gedrag word bepaal deur dit wat hy/sy geleer het, aangesien dit ooreenstem met die omgewingsbeperkings.

Humanisme kan gesien word as 'n teoretiese alternatief vir psigoanalise en behaviorisme, hoewel dit aspekte van albei teorieë insluit. In hierdie benadering word die individu as 'n holistiese wese beskou, wat streef na selfaktualisering. Hoogstaande prestasies kan egter volgens Maslow, net bereik word indien basiese behoeftes bevredig is en persoonlike waardes en doelwitte bereik is.

In die trekteorieë poog teoretici om mense te klassifiseer volgens 'n beperkte aantal persoonlikheidseienskappe of -trekke. Die trekteoretici is verder van mening dat persone oor geselekteerde persoonlikheidseienskappe moet beskik om sukses te kan bereik.

Benewens die bogenoemde vier teorieë is daar ook enkele benaderings bespreek, naamlik die situasionele benadering (wat hoofsaaklik fokus op die invloed van die situasie), biologiese benadering (waar 'n persoonlikheidstrek soos aggressie aan die hand van genetiese beginsels verduidelik word) en die interaksionele benadering (waar die situasie en die persoon as mededeterminante in gedrag oorweeg word).

Om egter 'n volledige verduideliking van persoonlikheidstrekke te verkry moet al die teorieë en benaderings, as geheel in ag geneem word aangesien enkele teorieë en benaderings, slegs sekere aspekte van persoonlikheid aanraak. Vervolgens word enkele konsepte bespreek wat uit die persoonlikheidsteorieë voortvloei.

2.3 PERSOONLIKHEID

Persoonlikheid vorm die basis van elke individu se optrede. Elke persoon is uniek, met ander woorde elke mens het – benewens sy/haar fisiese eienskappe – psigiese eienskappe wat hom/haar onderskei van ander. Dit sluit verskille ten opsigte van mense se gevoelens, gesindhede en aktiwiteite in, en het betrekking op die effek wat mense op ander het, asook hul eie sosiale agtergrond. 'n Persoon word gekenmerk deur sy/haar spesifieke optrede. Dit beteken dat daar “iets” kenmerkend en spesifiek aan die individu is wat gereeld voorkom. Na hierdie “iets” word as persoonlikheid verwys.

'n Studie van persoonlikheid is 'n komplekse onderneming. By die bestudering van relevante literatuur word dit spoedig duidelik dat navorsers en teoretici op hierdie terrein talle uiteenlopende menings huldig. Bakker et al (1997:55) stel dit soos volg: *“Within psychology there is no more uniform definition of the concept personality than there is talk of a single psychology of personality”*. Dit word by implikasie ondersteun deur Vealy (2002:44) se opmerking dat die talle verskillende definisies van persoonlikheid, kennis van die begrip bemoeilik en minstens gedeeltelik die weersprekende bevindinge wat in die literatuur gevind word, verklaar.

Ten einde 'n sinvolle sintese van die begrip persoonlikheid te bereik, sal 'n paar definisies van persoonlikheid kortliks bespreek word. Volgens Cratty (1981:58) definieer Phares (1991) persoonlikheid as *“that pattern of characteristic thoughts, feelings and behaviours that distinguish one person from another and that persists over time and situations”*.

'n Definisie wat nou by dié van Phares aansluit, is dié van Kalat (1999) in Cox (2002:477), naamlik: *“Personality is all the consistent ways in which the behaviour of one person differs from that of others, especially in social situations”*.

In bogenoemde definisies val die klem op verskille tussen mense en die konsekwentheid van die invloed wat persoonlikheid op 'n mens se gedrag het in verskillende situasies. Die bogenoemde definisie van Kalat, sluit by implikasie aan by Allport se omskrywing van persoonlikheid as *“The dynamic organisation within the individual of those psychophysical systems that determine his unique adjustments to his environment”* (Walsh 2004:2). Die dinamiese aard van persoonlikheid bevestig dat, hoewel definisies van persoonlikheid na konsekwentheid in optrede verwys, dit nie beteken dat 'n mens se persoonlikheid nooit verander nie (Marshall 2005).

Volgens Nel (2003:22) verteenwoordig die verskillende definisies oor persoonlikheid 'n sintese van hedendaagse sielkundige beskouings en gebruike. Dit is dus volgens hom noodsaaklik om die betekenis van die verskillende aspekte van die onderskeie definisies kortliks te bespreek:

- **Dinamiese organisasie:** Die organisasie van die persoonlikheid verander en ontwikkel gedurig. Die dinamiese organisasie, is selfregulerend en motiverend van aard, dus *“dinamies”*. Organisasies verwys na 'n vaste groepering en ordening van disponerings en sentimente; dit impliseer dus ook die proses van disorganisasie, veral in die geval van persoonlikhede wat as abnormaal bestempel word.
- **Psigofisiese stelsels:** Hierdie stelsels herinner ons daaraan dat persoonlikheid nie 'n uitsluitlik emosionele of geestesverskynsel is nie en ook nie 'n uitsluitlik neurale of fisiologiese verskynsel nie. Die dinamiese organisasie betrek die werking van sowel liggaam as gees, wat

saamgesmelt word tot 'n persoonlike eenheid. Gewoontes, houdings, sentimente en disponerings is almal psigofisiese sisteme. Hulle word binne die *persoonlikheid* as trekke of groepe trekke georden. Verdere omskrywing van die psigofisiese stelsels impliseer dat die geestelike definisie van die psigofisiese stelsel, die volgende essensies van geestelikheid insluit, naamlik:

- die affektiewe – gevoel, emosie
- die kognitiewe – verstandelik, denke
- die konatiewe – wil, doelgerigheid

In die bogenoemde drie essensies, lê onder meer ingesluit, die selfkonsep, motivering, angs en houdings wat verder as belangrike essensies van sportsielkunde beskou word (Nel 2003:22).

- **Bepalende funksie:** Die sisteme waaruit persoonlikheid bestaan, het in alle opsigte bepalende neigings en wanneer die sisteme deur geskikte prikkels uitgelok word, veroorsaak dit aanpassende en uitdrukkende handeling wat die persoonlikheid sy “kleur” en eiesoortigheid gee. Persoonlikheid dui aan dat mense hulself in verhouding tot 'n situasie, 'n gebeurtenis of handeling openbaar.
- **Uniekheid:** Elke aanpassing van elke individu is uniek in tyd, ruimte en gehalte. Dit maak elke persoonlikheid anders as elke ander persoonlikheid. Die individuele verskille is dus as gevolg van differensiële oorerwings- en omgewingsfaktore. Die uniekheid van persoonlikhede kan met die uniekheid van vingerafdrukke vergelyk word.
- **Aanpassing by die omgewing:** Persoonlikheid kan gesien word as 'n metode of wyse van voortbestaan, sodat persoonlikheid gekenmerk word deur verstandigheid. *Aanpassing* moet wyd genoeg vertolk word om

“wanaanpassings” in te sluit. *Omgewing* moet ook *gedragsomgewing* insluit. Dit wil sê die omgewing wat betekenisvol is vir die individu en nie alleen sy geografiese omgewing nie. Menslike verhoudings word by die bogenoemde stelling ingesluit. Die vernaamste oorweging is egter dat aanpassing nie as ‘n blote reaktiewe adaptasie soos dié van die plant of dier beskou moet word nie. Aanpassings van die mens of dier bevat ‘n groot verskeidenheid spontane, skeppende gedrag met betrekking tot die omgewing. Hierin is aanpassing tot die fisieke wêreld en die verbeelde wêreld albei faktore. Dit sluit oorheersing sowel as passiewe adaptasie in. “Aanpassing” is die kernwoord van die definisie van Allport wat deur Walsh (2004:2) aangehaal is. Anders gestel is dit die persoon se inskakeling by die samelewing asook by groepseise, asook samewerkende groepsdinamika in sy/haar omgewing (Nel 2003:23).

Dit moet ook in gedagte gehou word dat verskillende mense op verskillende wyses sal optree in soortgelyke situasies en dat hierdie verskille in gedrag die gevolg is van hulle persoonlikheidsverskille. Persoonlikheid word onderskei van karaktertrekke as gevolg van stabiliteit oor tyd. As persoonlikheid stabiel is en gedrag bepaal, kan afgelei word dat ‘n persoon relatief konsekwent sal optree in verskillende situasies. ‘n Persoon wat byvoorbeeld beskryf word as ‘n ekstrovert sal dus optree soos ‘n ekstrovert in ‘n verskeidenheid van situasies.

Volgens Louw en Edwards (1997:544-545) is die volgende van belang ten opsigte van persoonlikheid:

- dit vorm ‘n komplekse patroon
- dit raak elke aspek van ‘n individu se lewe
- dit is ‘n grootliks onbewuste reaksie
- dit kan outomaties funksioneer
- dit is moeilik veranderbaar

Vir Heineman (1995:3), het persoonlikheid betrekking op die observasie, klassifikasie en meting van verskille tussen mense. Heineman vra: “*How shall we learn to tell them apart, not as Jim and Joe, but as kinds and types ... In short, how shall we proceed if we are to ignore superficialities and fasten attention on the basic first-order variables of a science of individual differences?*”

Die kompleksiteit van die begrip “persoonlikheid” blyk uit die veelheid van terme wat daarmee gepaard gaan. Heineman (1995:3), byvoorbeeld, merk op dat die begrippe “persoonlikheid” en “temperament” as sinonieme gebruik word om te verwys na “*temporary and relatively stable individual differences in behaviour*”. Benewens hierdie twee terme kom ook die volgende voor: karakter, karaktertrekke, persoonlikheidstrekke (sogenaamde “traits”, teenoor “states”), soorte, tipes, aard en disponering. “Traits” word as langdurige eienskappe beskou, teenoor die meer verbygaande aard van “states” wat sterk situasiegebonde is.

Uit bostaande bespreking word dit duidelik dat daar vanuit verskillende hoeke oor persoonlikheid besin kan word. Daar sal nie maklik eenstemmigheid bereik kan word of persoonlikheid as afsonderlik van temperament beskou moet word, en of temperament as die basis van persoonlikheid beskou kan word nie. Vir die doel van hierdie studie word verskillende begrippe wat verband hou met persoonlikheid kortliks bespreek.

2.3.1 Persoon

Die woord “persoon” is afgelei van die Griekse woord *persona* wat verwys na die masker wat deur akteurs gedra is. Persoon kan dus, volgens Walsh (2004:1) verwys na die “masker” wat mense voorhou in interaksie met ander, ‘n rol wat iemand speel, ‘n versameling persoonlike kwaliteite wat iemand

bekwaam maak vir 'n rol wat hy/sy moet vervul of wat hom/haar onderskei (soos in 'n skryfstyl).

Volgens Louw en Edwards (1997:545) verwys die term “persoon” na “*an individual human being who can act independently*”. Die verwysing na 'n individu in hierdie definisie hou waarskynlik verband, nie net met onafhanklikheid nie, maar met individualiteit, dit wil sê uniekheid. 'n Persoon word dus beskou as 'n onafhanklike, unieke entiteit. Dit sluit aan by Drewer (1963:203) se definisie van persoon as “*An individual human being, with individual characteristics, and unique social relationships*”. Dit blyk dus dat die mens nie net verskil ten opsigte van individuele eienskappe nie, maar dat elke mens ook unieke sosiale relasies vorm. Dit is juis die uniekheid van hierdie sosiale verhoudinge wat verkeer tussen mense so interessant en prikkelend maak, ook in die sportwêreld.

2.3.2 Persoonlikheidstrekke

Persoonlikheidstrekke is merkbaar in die dinge wat mense doen, en ook op hul reaksies of handeling, in gegewe situasies. As 'n bepaalde rugbyspeler byvoorbeeld neergetrek word in 'n wedstryd kan hy dadelik woedend raak en aggressief reageer, terwyl 'n ander speler in dieselfde opset kalm sal voorkom en nie uiterlik sal reageer nie (Bakker et al. 1997:59).

Om aan te sluit by die bogenoemde definisies van Crary (1981:58) en Cox (2002:477) oor persoonlikheid, is die volgende aanhaling deur Buchanan (1998) van belang, aangesien dit meer lig werp op persoonlikheidstrekke: “*Personality traits are more or less stable internal factors that make one person's behaviour consistent from one time to another, and different from the behaviour other people would manifest in comparable situations*”. Elke persoon is dus uniek en openbaar unieke, redelik stabiele

persoonlikheidstrekke wat verskil van ander persone. Hierdie uniekheid en onderskeibaarheid van elke individu word beklemtoon deur die volgende aanhaling: “*Some people are shy, others extroverted: some are chronically anxious, others confident*” (All psych and Hefner media group 1999). Matthews en Dreary (1998:3) verwys na die “*unchangeable spots of the leopard*”. Die individuele luiperd kan nie sy kolle verander nie, maar elke luiperd het sy eie unieke patroon.

Daar word algemeen aanvaar dat persoonlikheidstrekke gedrag regstreeks beïnvloed. Diagrammaties kan dit soos volg voorgestel word:

Persoonlikheid → persoonlikheidstrekke → gedrag

Hierdie diagram veronderstel egter ‘n eenrigtingaksie, terwyl Aristoteles (aangehaal deur Matthew en Dreary 1998:4) wys op die wisselwerkende invloed tussen handeling en persoonlikheidstrekke. As gevolg van sekere persoonlikheidstrekke handel ‘n persoon op ‘n spesifieke wyse, en hierdie spesifieke handeling het weer ‘n invloed op die vestiging van die persoonlikheidstrekke van die handelende individu.

Voorbeelde van persoonlikheidstrekke is: terughoudendheid, afhanklikheid, warmte, emosionele stabiliteit, kalmte, ingetoënheid, sensitiwiteit, avontuurlustigheid, agterdog en aggressiwiteit.

Een van die grootste take van sielkundiges is om te onderskei tussen interne eienskappe en die waarneembare gedrag van ‘n individu, en om die verband tussen hierdie twee komponente te ondersoek. Dit is om hierdie rede belangrik om die onderliggende fisiologiese, psigiese en sosiale basis van persoonlikheidstrekke te ondersoek en om vas te stel wat die invloed daarvan op handeling is.

2.3.3 Temperament

Louw en Edwards (1997:544-545) beskou temperament vanuit die perspektief van die persoon se emosies en die wyse waarop hy/sy daaraan uiting gee en dit hanteer. Hierdie aspekte is ook teenwoordig in Cardwell (1996:233) se omskrywing van temperament. Volgens hom word deel van 'n persoon se algemene natuur gekenmerk deur sy/haar geneigdheid teenoor sekere tipes emosionele reaksies of buie. Dit word oor die algemeen aanvaar dat temperament 'n sterk genetiese invloed het as gevolg van die ooreenkomste binne familieverband asook individuele verskille wat waargeneem word by pasgebore babas in hulle reaksies teenoor 'n reeks verskillende stimulu. Temperament kan dus ook as 'n persoon se disposisie beskou word.

Warfield (2002-2006:1) beskou temperament as *“the fabric underlying who you are”* en verwys ook na die erflikheidsfaktor daarvan. Volgens Warfield is 'n mens se persoonlikheid dit wat op hierdie onderliggende temperament gebou word. As gevolg van hierdie stelling van Warfield, mag dit wees dat twee persone met dieselfde temperament baie kan verskil in gedrag. Dus mag twee individue dalk dieselfde temperament hê, maar hulle gaan nie noodwendig op dieselfde wyse optree nie.

Die oorgeërfde aard van temperament word ook deur Heineman (1995:4) beklemtoon. Hy verwys na temperament as *“ ... those traits or mechanisms which (1) form the biological basis of personality, (2) reflect style rather than content of behavior, and (3) have a high heritability”*.

Kagan (1995), soos aangehaal deur Nel (2003:21) beskryf temperament as: *“Any moderately stable, differentiating emotional or behavioural quality whose appearance in childhood is influenced by an inherited biology including difference in brain neurochemistry.”*

Die EAS Temperament Model (Allpsych and Hefner media group 1999:1-2) word hier kortliks genoem omdat dit aspekte aanraak wat in die fokus van hierdie studie belangrik is.

- Emosionaliteit verwys na emosionele reaksies op omgewingstimuli.
- Aktiwiteit verwys na die energievlak van 'n persoon. Die energievlak van 'n persoon, het 'n groot invloed op beroepskeuse, stokperdjies en sosialisering, en as gevolg van die belangrikheid van die energievlakke van 'n persoon, kan moontlik aanvaar word dat dit nodig is dat sportmanne en -vroue oor hierdie tipe temperament moet beskik. Binne die konteks van hierdie studie, waar die fokus op persoonlikheid in sport val, stel Finkenbergh, Moode en Dinucci (1998:647) dit dat mededingendheid 'n belangrike aspek in enige sport is en definieer mededingendheid as "*a disposition to strive for satisfaction*".
- Sosialiteit hou verband met 'n persoon se gemaklikheidsvlak in interaksie met ander mense.

2.3.4 Karakter

Volgens Leedom (1999-2001:1) word karakter gedefinieer as: "*The peculiar quality, or the sum of qualities, by which a person or a thing is distinguished from others; the stamp impressed by nature, education or habit; that which a person or thing really is; nature; disposition*". Leedom (2004:1) merk op dat karaktertrekke aangeleer en dus veranderbaar is. Hieruit blyk 'n baie sterk waardeaspek van die begrip "karakter". Dit impliseer dat karakter as negatief of positief beskou kan word, soos blyk uit die uitdrukkings "swak karakter" en "sterk karakter" wanneer na mense verwys word.

Onder die karaktertrekke wat enige ouer graag in sy/haar kind wil waarneem, is: respek, selfbeheer, samewerking, betroubaarheid, integriteit en verantwoordelikheid. Dit is duidelik nie (noodwendig) aangebore eienskappe nie, maar *“the stable and distinctive qualities that is built into an individual’s life which determine his response regardless of circumstances”* (American Dictionary of the English Language 2004)

2.3.5 Samevatting

Binne die beperkte omvang van 'n verhandeling soos hierdie is dit moeilik om tot sinvolle gevolgtrekkings te kom rondom 'n uitgebreide, komplekse onderwerp soos persoonlikheid. Uit die voorafgaande kan afgelei word dat temperament dui op die verskille wat reeds tussen pasgebore babas waarneembaar is. Persoonlikheid kan moontlik beskou word as dit wat in sosiale interaksie ontwikkel word, en veral in sosiale situasies waarneembaar is, terwyl karakter die meer innerlike komponent van 'n persoon verteenwoordig. Daar word egter aanvaar dat hierdie verband ten opsigte van persoonlikheid, nie so eenvoudig is nie, en dat hierdie drie aspekte, naamlik persoonlikheid, karakter en temperament, in 'n noue verband met mekaar vervleg is. Persoonlikheid word ook nie as staties beskou nie, omdat dit in 'n groot mate op aangeleerde eienskappe en response berus. Mwamwenda (1995:321) merk in hierdie verband op dat – aangesien persoonlikheid deur die leerproses ontplooi – leer van die uiterste belang is in die ontwikkeling daarvan.

2.4 DIE VERBAND TUSSEN PERSOONLIKHEIDSTREKKE EN SPORTDEELNAME

2.4.1 Inleiding

Die ondersoekveld van persoonlikheid is wyd, aangesien ons persoonlikheid nie net ons uitkyk op die lewe reflekteer nie, maar ook ons verwagtinge en wat ons doen (Tutko 1997-2002:1). Verder, soos reeds aangedui, kan persoonlikheid ook op verskeie maniere gedefinieer word.

Binne die konteks van hierdie studie word aanvaar dat persoonlikheid gesien kan word as 'n reeks kenmerke of gedrag, wat 'n aanduiding bied van 'n persoon se natuurlike optrede (Tutko 1997-2002:1). As gevolg van herhaalde konsekwente optredes word gedrag of trekke herkenbaar. Gevolglik word individue op grond van hierdie waarneembare gedrag of persoonlikheidstreke gekenmerk, onder meer as lojaal, hardkoppig, gemotiveerd, selfgedissiplineerd of aggressief (Davies 1991:176). Hierdie gedrag of trekke is ook ter sprake in uiteenlopende situasies.

Die aanname dat dit belangrik is vir mense wat aan sport deelneem om oor die "regte" persoonlikheidstreke te beskik ten einde sukses te behaal, berus op die verskeidenheid persoonlikheidstreke in verskillende situasies. Iemand wat byvoorbeeld optimisties is, sal moontlik meer gemotiveerd wees om beter resultate te bereik as wat die geval is met iemand wat pessimisties is. 'n Verskeidenheid persoonlikheidstreke word by die mens geïdentifiseer. Sommige hou verband met sportdeelname, ander nie. Die doel van hierdie studie is om te probeer bepaal of daar 'n verband is tussen persoonlikheidstreke en deelname aan sport, en indien so, watter persoonlikheidstreke figureer die sterkste by krieketspelers.

2.4.2 Literatuuroorsig

Die studie van sportaktiwiteite en alles wat daarmee saamhang, soos byvoorbeeld die sportpersoon met sy unieke persoonlikheid en temperament, die keuse van 'n sportsoort, en die invloed van die afrigters op hulle atlete/spelers en die items waaraan hulle deelneem, is oorweldigend. Daar is 'n enorme verskeidenheid sportsoorte, bestaande uit spansporte en individuele sport, en verskillende voorkeure van deelnemers. Hierdie vrye keuse ten opsigte van sport maak dit 'n komplekse, dog interessante onderwerp, veral as die verband tussen persoonlikheidstrekke en sportdeelname in oënskou geneem word.

Die komplekse aard van die verband tussen sportdeelname en persoonlikheidstrekke het waarskynlik aanleiding gegee tot die groot hoeveelheid navorsing op hierdie terrein. Dit het gelei tot baie interessante bevindings, wat hoofsaaklik betrekking het op drie areas, naamlik of dit op grond van persoonlikheidsverskille moontlik is om te onderskei tussen deelnemers en nie-deelnemers, tussen suksesvolle en nie-suksesvolle deelnemers en tussen voorkeure ten opsigte van verskillende sportsoorte.

2.4.2.1 Deelnemers versus nie-deelnemers

'n Algemene navorsingstema in sportpersoonlikheid behels die mate waarin deelnemers van nie-deelnemers ten opsigte van hul persoonlikheidstrekke verskil. Daar was ook al baie pogings om persoonlikheidstrekke van deelnemers en van nie-deelnemers met mekaar te vergelyk. In baie van die gevalle is gebruik gemaak van die Sestienveld Persoonlikheidsvraelys (16 PF). Die resultate het byna almal aangetoon dat deelnemers meer dominerend en selfversekerd is en meer agterdogtig en minder sensitief is as nie-deelnemers (Aamodt, Craig, Alexander & Kimbrough 1982:327).

Weinberg en Gould (1995:49) beweer dat dit moeilik is om te onderskei tussen deelnemers en nie-deelnemers:

“Try to define an athlete. It isn’t easy. Is an athlete someone who plays on a varsity or interscholastic team? Who demonstrates a certain level of skill? Who jogs daily to loose weight? Who plays professional sports? Who plays intramural sports?”

Hierdie teenstrydighede ten opsigte van atlete moet volgens Weinberg en Gould (1995:49) in gedagte gehou word wanneer deelnemers en nie-deelnemers vergelyk word. Geen enkele persoonlikheidsprofiel is nog gevind wat deelnemers van nie-deelnemers onderskei nie, maar daar het heelwat verskille te voorskyn gekom waar deelnemers met spesifieke sportsoorte vergelyk is. Dit is byvoorbeeld gevind dat deelnemers aan spansporte meer ekstroverties is en minder gebruik maak van abstrakte redenering en meer afhanklik is as nie-deelnemers (Balakrishnan & Dhandapani 1989:9; Weinberg & Gould 1995:49).

Verder het Potgieter (1997:34), Morris en Summers(1995:7) en ook Eysenck, Nias & Cox (1982:1) bevind dat deelnemers aan verskeie sportsoorte geneig is om meer ekstroverties en onafhanklik en minder angstig te wees as nie-deelnemers. Potgieter (1997:34) en Cooper (Cratty 1981:61) het ook bevind dat deelnemers meer selfversekerd, kompetierend en sosiaal is, meer meganismes besit om angs te hanteer, kan beter konsentreer en maak gebruik van positiewe selfspraak as nie-deelnemers. Persone wat byvoorbeeld aan rugby en tennis deelneem, is volgens Eysenck, Nias & Cox (1982:2) en Panda & Biswas (1989:97) meer emosioneel stabiel en selfversekerd as byvoorbeeld persone wat nie aan sport deelneem nie. Eysenck et al. (1982:2) het laastens tot die gevolgtrekking gekom dat die twee belangrikste trekke vir sportdeelname, avontuurlustigheid en hoë vlakke van energie is.

Volgens 'n studie van Cooper, Warburton and Kane (Newcombe & Boyle 1995:278), is leerlinge wat aan sport deelneem geneig om meer ekstroverties, minder angstig en minder neuroties te wees as leerlinge wat nie deelneem nie. Dit blyk ook verder dat marathon-atlete minder gespanne en depressief is as nie-deelnemers (Newcombe & Boyle 1995:278). Die rede vir die mindere gespannenheid en laer geneigdheid tot depressie is moontlik dat sportpersone van hulle frustrasies ontslae raak deur middel van oefening.

Ondanks bogenoemde bevindings en dié van ander navorsers, is daar waargeneem dat daar nog heelwat navorsing is wat gedoen moet word ten einde uitstaande kenmerke tussen deelnemers en nie-deelnemers te kan identifiseer (Cratty 1981:61).

2.4.2.2 Suksesvolle versus nie-suksesvolle atlete

Wanneer die verband tussen sportdeelname en persoonlikheidstrekke ter sprake kom, is daar al in talle situasies gevra in watter mate die teenwoordigheid van sekere persoonlikheidstrekke noodsaaklik is vir sukses in 'n spesifieke sportsoort (Bakker et al. 1997:53). Hierdie vrae rakende persoonlikheidstrekke en sukses in sportdeelname het aanleiding gegee tot heelwat antwoorde en redenasies, gegrond op intuïsie en gesonde verstand. Deursettingsvermoë is byvoorbeeld as 'n vereiste beskou in die meeste sportsoorte, lae angsvlakke is beskou as noodsaaklik vir valskermspring en waaghalsigheid vir motorwedrenne, terwyl die vermoë om te konsentreer beskou is as noodsaaklik vir skaak (Bakker et al 1997:53).

Na aanleiding van die bogenoemde bevindinge van Bakker blyk dit dat daar al heelwat navorsing gedoen is rakende persoonlikheidstrekke van suksesvolle en nie-suksesvolle atlete. Deur gebruik van die "Athletic Motivation Inventory", het Tutco, Lyon & Olgilvie (Gill 1986:31) bevind dat hoe meer suksesvol sportmanne en -vroue is, hoe hoër was hul tellings ten opsigte van elf persoonlikheidstrekke, naamlik: aggressiwiteit, afrigbaarheid, toewyding,

vasberadenheid, dryfkrag, emosionele beheer, geneigdheid tot skuldgevoelens, leierskap, verstandelike taaheid, selfvertroue en vertroue. Daar kan afgelei word dat die meeste van die genoemde trekke heelwaarskynlik by 'n suksesvolle atleet gevind sal word, hoewel daar twyfel is oor die betroubaarheid van hierdie toets (Bakker et al 1997:53).

Ander navorsing waarby die Sestienveld Persoonlikheidsvraelys (16PF) betrek is, het ook 'n verband tussen persoonlikheidstrekke en suksesvolle sportdeelname gevind. 'n Voorbeeld hiervan is die studie van Garland en Barry (1990:355-370) waarin 'n groep universiteitstudente betrokke was. Hulle het bevind dat daar wel 'n verband was tussen persoonlikheidstrekke soos hardkoppigheid, ekstroversie, groepafhanklikheid en emosionele stabiliteit en hoë vlakke van sportbedrewenheid.

Coleman (Gill 1986:31) het ook die persoonlikheidsprofile van suksesvolle deelnemers geëvalueer. Op grond van hul waarnemings is die volgende persoonlikheidstrekke by suksesvolle atlete geïdentifiseer: geestelike taaheid, deursettingsvermoë, intelligensie, lewenslus, 'n energieke en wakker houding, emosionele stabiliteit, optimisme, toewyding, lojaliteit en respek teenoor meerderes. Nog 'n voorbeeld van persoonlikheidstrekke van suksesvolle atlete versus nie-suksesvolle atlete, is duidelik uit 'n studie wat gedoen is met elite-swemmers. In die studie is bevind dat elite-swemmers meer selfgerig, onafhanklik en gemotiveerd is en oor 'n beter konsentrasievermoë beskik as nie-elite-swemmers (Anshel & Porter 1996:331).

By suksesvolle vroue-atlete het Williams (Cox 2002:172) en Weinberg en Gould (1995:50) bevind dat die volgende persoonlikheidstrekke voorgekom het: suksesvolle vrouedeelnemers is meer prestasiegeoriënteerd, onafhanklik, aggressief, dominerend, emosioneel stabiel en intelligent, selfgeldend, gereserveerd, doelgeoriënteerd en georganiseerd as nie-suksesvolle vroue deelnemers. Die en Holt (1989:136) het bevind dat suksesvolle vroue

deelnemers ook oor 'n beter selfbeeld beskik as nie-suksesvolle vroue deelnemers.

Aansluitend by bogenoemde het sowel Morgan as Cooper (Cratty 1981:61) feitlik dieselfde eienskappe by suksesvolle sportmanne en –vroue gevind. By suksesvolle sportmanne en -vroue het eienskappe soos intelligensie, aggressiwiteit, emosionele stabiliteit en doelgeoriënteerdheid sterk navore gekom. Cratty (1981:61) het ook bevind dat sportpresteerders sielkundig goed aangepas is en dat hul selfbeeld oor die algemeen meer positief is as die van nie-deelnemers. In 'n onderhoud met die vroue tenniskampioen, Serena Williams, beweer sy dat 'n hoë mate van selfvertroue noodsaaklik is om suksesvol te kan wees (Supersport TV GIDS 2004:5).

Anshel en Porter (1996:322) het ook bevind dat sekere persoonlikheidstrekke nodig is om sukses te bereik. Hulle onderskei onder andere die volgende trekke: selfvertroue, die vermoë om te kan fokus ('n sportpersoon moet al sy/haar moontlike fisiese, sowel as verstandelike energie inspan om te konsentreer op die wedloop of wedstryd wat voorlê), aanpasbaarheid en emosionele stabiliteit.

Daar kan geredelik aanvaar word dat die meeste van die bogenoemde persoonlikheidstrekke nodig is vir suksesvolle sportdeelname. Gould en Diefenbach (2002:74) stel die volgende voorwaardes vir suksesvolle sportdeelname: die vermoë om te fokus, totale toegewydheid, die vermoë om doelwitte te stel en geestelike voorbereiding.

Twee eienskappe wat veral by suksesvolle deelnemers van sport gemeet is, is motivering en prestasiegeoriënteerdheid (Gould & Diefenbach 2002:74). Lerner en Locke (1995:138-52) het bevind dat die suksesvolle uitvoering van opsitte (sit-ups) gepaard gegaan het met die volgende persoonlikheidstrekke: deursettingsvermoë, gemotiveerdheid, selfdissipline, vasberadenheid,

dryfkrag en emosionele beheer. Hierdie persoonlikheidstrekke hou verband met die persoonlikheidstrekke wat reeds genoem is.

As daar na die bogenoemde bevindings gekyk word, is dit moontlik om te voorspel dat deelnemers wat sukses bereik, gekenmerk word deur hoop en optimisme (Gould & Dieffenbach 2002:172). Saam met hierdie bevindings van, Williams en Krane (Gould & Dieffenbach 2002:172), het Gill (1986:31), dit gestel dat deelnemers wat aan verskeie sportsoorte op Olimpiese vlak deelgeneem het, die volgende dominante karaktertrekke getoon het:

- 'n vermoë om te fokus
- totale toegewydheid
- gestimuleer was deur kompetisie
- geestelike voorbereiding
- goed kon beplan
- alternatiewe planne gehad het
- gemotiveer was
- hanteringsmeganismes besit
- 'n vermoë om te konsentreer
- 'n goeie selfbeeld gehad het
- 'n vermoë het om doelwitte te stel en te bereik
- 'n vermoë het om te visualiseer

Ten slotte noem Davies (1991:176-182) dat dit moeilik is om die verband tussen suksesvolle sportdeelname en persoonlikheidstrekke te bepaal en dat nog heelwat navorsing in hierdie verband gedoen moet word.

2.4.2.3 Die keuse van sport

Dit kom voor of die keuse van sport 'n beter aanduiding is van die verband tussen persoonlikheidstrekke en sportdeelname. Volgens Weinberg en Gould (1995:50) is gevind dat persone wat spansporte verkies, meer geneig is om

angstig en ekstroverties te wees as diégene wat aan individuele sportsoorte deelneem. Clingman en Hilliard (1987:123-136) het bevind dat persone wat aan die driekamp deelgeneem het, waar uithouvermoë veral van belang is, hoog toets op prestasiegeoriënteerdheid, outonomie en dominansie.

'n Studie van Shurr, Ashley en Joy het volgens Cox (2002:168) aangetoon dat persone wat aan spansporte deelneem die volgende persoonlikheids-trekke openbaar:

- lae vlakke van abstrakte redenering;
- 'n hoë mate van ekstroversie;
- 'n hoë mate van afhanklikheid en laer egosterkte;
- meer angstigheid;
- minder sensitiwiteit;
- meer verbeeldingrykheid.

Weinberg en Gould (1995:49) het gevind dat volgende persoonlikheidstrekke voorkom by atlete wat aan individuele sportsoorte deelgeneem het:

- hoë vlakke van objektiwiteit;
- meer afhanklikheid;
- minder angstigheid en emosionaliteit;
- 'n geneigdheid tot introversie;
- laer vlakke van abstrakte denke.

Eysenck et al. (1982:3) en O'Sullivan, Zuckerman en Kraft (1998:119-128) het bevind dat emosionele stabiliteit, geassosieer met selfvertroue, sportprestasie oor die algemeen kan verbeter. Volgens Eysenck, Eysenck en Barret (1985) soos aangehaal in Francis, Kelly en Jones (1998:396) blyk dit ook dat rugbyspelers en hokkiespelers meer aggressief is as byvoorbeeld basketbalspelers en netbalspelers. Garland en Barry (Piedmond, Hill & Blanco 1990:355-370) se artikel oor persoonlikheidstrekke van sportpersone

ten opsigte van rugbyspelers sluit ook nou aan by wat Eysenck se bevinding was van rugbyspelers (Piedmont et al. 1990:355-370). Piedmond et al. (1999:770) het gevind dat gehardheid, groepsafhanklikheid en emosionele stabiliteit persoonlikheidstrekke is wat moontlik met 'n voorkeur vir rugby verband hou. Rugby word ook verder beskou as 'n intense spel met fisiese kontak teen opponente en waar spelers voortdurend in interaksie is met ander spanlede (D'Urso, Petrosso & Robazza 2002:192). Rugbyspelers het dus om hierdie rede nodig om hulself vir onvoorsiene omstandighede in spel voor te berei. Dit wil sê hulle moet oor die vermoë beskik om selfbeheersing toe te pas sodat aggressiwiteit nie handuit ruk nie.

Navorsing het ook getoon dat tennisspelers meer ekstroverties en minder neuroties is as byvoorbeeld rugbyspelers, terwyl deelnemers in duik, rugby, karate en roei geneig is om minder depressief te wees (Newcombe & Boyle 1995:278). Verder is dit ook bevind deur Singer (1969) dat tennisspelers van basketbalspelers verskil in die opsig dat dit lyk of tennisspelers 'n groter strewe het om hulle beste te lewer, asook oor die vermoë beskik om hul opponente te analiseer (Cox 2002:167).

2.4.3 Samevatting

Uit die voorafgaande bespreking kan afgelei word dat daar 'n verband tussen persoonlikheidstrekke en sportdeelname bestaan. Hierdie verband word by deelnemers versus nie-deelnemers, sukses versus nie-sukses in sport en tussen verskillende sportsoorte waargeneem. Dit is byvoorbeeld onwaarskynlik dat 'n persoon met 'n lae selfbeeld, min dryfkrag, ongedissiplineerdheid, lae uithouvermoë en swak deursettingsvermoë aan sport gaan deelneem of enigsins 'n mate van sukses daarin sal behaal. Daar is egter niks oor krieketspelers in die literatuur gevind nie.